For animal use only

# CALF PARATYPHOID
## (LIVE) VACCINE

Reg. No. G 0114 (Act 36/1947) Namibia: V01/24.4/146

Freeze-dried, avirulent (rough) strain of *Salmonella dublin* for the prophylactic immunisation of calves against paratyphoid caused by *S. dublin*.

**Store the vaccine in a refrigerator at 4 °C to 8 °C. Do not use after the expiry date printed on the bottle.**

**RECOMMENDATIONS FOR USE**
Calves usually contract paratyphoid at the age of 4–6 weeks and all calves must, therefore, be immunised beforehand at the age of 2–3 weeks. If calves younger than 2 weeks of age contract the disease, the sick calves should be treated and the healthy ones immediately immunised. The vaccine will only afford adequate immunity to *S. dublin* infections but will not necessarily elicit complete protection in all animals. The vaccine affords only a moderate cross immunity against *S. typhimurium* infections and if problems are encountered in immunised calves, a veterinarian should be consulted immediately.

**WARNINGS**
**Do not slaughter animals for human consumption within 21 days of vaccination. Vaccinate healthy animals only. Keep out of reach of children, uninformed persons and animals. Since the vaccine contains live bacteria, the immune response will be jeopardised by antibiotic therapy. Consequently, calves should not be treated with antibiotics or nitrofurans for eight days before and two weeks after immunisation. Although this product has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.**

**DIRECTIONS FOR USE**
**Use only as directed.**
Sterilise syringes and needles by boiling in water for at least 15 minutes. Do not use disinfectants or methylated spirits for sterilising either needles or syringes. Use a separate sterile needle for each animal. Transfer approximately 2 ml of the 10 ml sterile diluent to the bottle containing the freeze-dried vaccine. Mix well and then transfer the suspension back to the remaining sterile diluent. Mix well again and administer this suspension without delay. A single injection is sufficient. Avoid exposure of the vaccine to high temperatures and direct sunlight.

**DOSAGE:** **5 ml subcutaneously**

**EFFECTS OF THE VACCINE**
A temperature reaction which lasts for 2–4 days may occur after injection but the vaccine has no other ill effects. Immunity develops 7–10 days after immunisation but cannot be guaranteed in all animals.

**PACKING**
Available in bottles of 16 doses (8 freeze dried and 8 diluent).

**Registration holder:**
Onderstepoort Biological Products SOC Ltd, Co. Reg. No. 2000/022686/06
Private Bag X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Fax: +27 (0) 12 522 1591
P1093
Made in South Africa Edition 6

ONDERSTEPOORT
BIOLOGIESE PRODUKTE

Slegs vir dieregebruik

# KALWERPARATIFUS
## (LEWENDIGE) ENTSTOF

Reg. Nr. G 0114 (Wet 36/1947) Namibië: V01/24.4/146

Vriesgedroogde, nie-virulente (ruwe) stam van *Salmonella dublin* vir die voorbehoedende inenting van kalwers teen paratifus veroorsaak deur *S. dublin.*

**Bewaar die entstof in 'n yskas by 'n temperatuur van 4 °C tot 8 °C. Moet nie die entstof na die vervaldatum wat op die bottel gedruk is gebruik nie.**

**AANBEVELINGS VIR GEBRUIK**
Kalwers kry gewoonlik paratifus op die ouderdom van vier tot ses weke en alle kalwers moet dus vroegtydig op die ouderdom van twee tot drie weke ingeënt word. Indien kalwers jonger as twee weke die siekte opdoen, moet die siek kalwers behandel word en die gesondes onmiddellik ingeënt word. Die entstof sal slegs 'n bevredigende immuniteit teen *S. dublin* infeksie verwek maar sal nie noodwendig 'n volledige immuniteit in alle diere teweegbring nie. Die entstof verwek slegs 'n matige kruisimmuniteit teen *S. typhimurium* besmetting en indien probleme in ingeënte diere ervaar word moet 'n veearts onverwyld geraadpleeg word.

**WAARSKUWINGS**
**Moet nie kalwers binne 21dae na inenting vir menslike verbruik slag nie. Slegs gesonde diere moet ingeënt word.Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere. Aangesien die entstof lewendige bakterieë bevat sal antibiotiese behandeling die immuunreaksie belemmer. Gevolglik moet kalwers vir 8 dae voor en tot 2 weke na inenting nie met antibiotika of nitrofurane behandel word nie. Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.**

**GEBRUIKSAANWYSINGS**
**Gebruik slegs soos voorgeskryf.**
Steriliseer spuite en naalde deur dit vir ten minste 15 minute in water te kook. Moet nie ontsmettingsmiddels of brandspiritus gebruik om spuite en naalde te steriliseer nie. Gebruik 'n afsonderlike steriele naald vir elke dier. Dra ongeveer 2 ml van die bottel met 10 ml steriele verdunningsvloeistof met 'n steriele spuit oor na die bottel met gedroogde entstof. Meng deeglik en spuit dan die suspensie weer terug in die bottel met oorgeblewe steriele verdunningsvloeistof. Meng weer eens deeglik en dien die suspensie onverwyld toe. 'n Enkel inspuiting is voldoende. Vermy blootstelling van die entstof aan hoë temperature en direkte sonlig gedurende inenting.

**DOSIS:** **5 ml onderhuids**

**UITWERKING VAN DIE ENTSTOF**
'n Koorsreaksie wat 2–4 dae duur mag op inenting volg maar die entstof het geen ander nadelige effekte nie. Immuniteit ontwikkel 7–10 dae na inenting maar kan egter nie in alle diere gewaarborg word nie.

**VERPAKKING**
Beskikbaar in bottels van 16 dosisse (8 gevriesdroogte en 8 steriele verdunningsvloeistof).

**Registrasiehouer:**
Onderstepoort Biologiese Produkte MSB Bpk, Mpy. Reg. Nr. 2000/022686/06
Privaatsak X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Faks: +27 (0) 12 522 1591

Vervaardig in Suid-Afrika Weergawe 6
P1093 Lomar Printers